PAASFEES SKATTEJAG: antwoorde

Instruksies:

Die teksvers word gelees, die vermiste woord word ingevul en dan moet die kinders die artikel (vermiste woord) gaan soek. Jy kan leidrade bysit vir waar hulle moet gaan soek, of net die artikels orals neersit en kyk wie dit eerste kry.

1. **Matt 26:23**: "Hy antwoord toe: "Die een wat saam met My sy brood in die _____ insteek, dit is hy wat My sal verraai." ***skottel***

2. **Mark 14:36**: "Hy het gesê: "Abba Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydens_____ van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil." ***beker***

3. **Matt 27:3**: "Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy spyt gekry. Hy het die dertig _____ teruggebring na die priesterhoofde en die familiehoofde toe." ***silwermunstukke***

4. **Matt 27:42**: "Ander het Hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat Hy nou van die _____afkom en ons sal in Hom glo." ***kruis***

5. **Joh 19:29**: "Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n _____ vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou." ***spons***

6. **Joh 19:34**: "Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en _____ uitgekom. ***water***

7. **Matt 27:59**: "Josef het die liggaam geneem en dit in skoon _____ toegedraai." ***linne***

8. **Joh 20:1**: "Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdelena by die graf en sien dat die _____ van die graf af weggerol is." ***klip***